

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
19 November 1978

Onderwerp: Dal van beslissing en Sion van behoud

Lees: Joël 3 verse 1 tot 3 en 9 tot 17

Teks: Joël 3 verse 14 tot 17

Sing: Psalm 91 vers 1
Gesang 191 vers 1

“Wanneer die Ou Testament op ongeveer agt en twintig plekke die dag van die HERE meld, word daarmee nie die Christelike Sondag bedoel nie. Dit verwys na die besondere dag wanneer die HERE Hom in die grootheid van sy krag en die heerlijkheid van sy majesteit sal openbaar, om die laaste oordeel oor die mensdom te voltrek en om volkome heil aan sy gunsgenote te betoon.

“Hierdie waarheid word op aangrypende wyse oorgedra in hierdie teksgedeelte wat handel oor die dag van die HERE. Dit verwys na twee plekke: ‘die dal van beslissing’ en die ‘Sion’ van behoud.

“Skrifverklaarders is dit eens dat ‘die dal van beslissing’ verwys na die eindtydse beslissing by Armageddon; maar dat dit ook ’n simboliese verwysing is na die HERE se gerig deur alle eeue heen.

“Met betrekking tot Armageddon, sal die vyand reeds op daardie dag die hele land van Judea in sy mag hê en reeds opgeruk het tot aan die poorte van die heilige stad. Eers in hierdie krisis-uur vir die Verbondsvolk sal die HERE ingryp met skrikwekkende geweld en die vyand vernietig. Dit is van hierdie krisismoment in Israel se toekomstige geskiedenis dat die profetiese simbool ‘die dal van beslissing’ kom.

“Wat ’n ernstige gedagte lê nie hierin opgesluit nie? ‘Die dal van beslissing’ verwys na ’n vyand wat vlak voor die poorte van die heilstad is. Die profetiese Woord leer ons dat die ganse wêreldlewe uiteindelik in die hande van die Antichris sal wees. Dit sal insluit die modes, sosiale lewensvorme, ontspanningslektuur, kuns, wetenskap, arbeid, arbeidsverhoudinge, die maatskappy en die staat, ja, selfs ook die kerk. Die hele ‘Judea’ van die wêreldlewe sal in die mag van die Antichris wees. Die vyand sal dan in effek tot aan die

poorte van die heilige stad gekom het. En daardie krisismoment sal 'die dal van beslissing' wees.

“Teenoor hierdie dal, staan die 'Sion' van behoud: 'Dan sal julle weet dat Ek die HERE julle God is, wat woon op Sion, my heilige berg'. (Joël 3:17) 'En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die HERE sal roep.' (Joël 2:32)

“Die ware 'Sion' van behoud is onse Here Jesus Christus: 'Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik'. (Kol 2:9) God het in Jesus Christus se soenverdienste 'n ware toevlug en skuilplek vir sy volk berei. En die aangrypende gedagte is dat hierdie 'Sion' van behoud nooit sal ontbreek nie. Ook in die laaste dae en in die aangesig van die ontelbare menigtes in 'die dal van beslissing', sal God in Jesus Christus 'n toevlug en skuilplek vir sy volk wees.

“Die dal van beslissing' en 'Sion' het in die Ou Testamentiese bedeling onderskei tussen Israel en die heidense volke van daardie tyd. Maar Broers en Susters, hierdie skeidslyn gaan veel dieper as 'n horisontale dimensie van die geskiedenis. Dit word wesenlik bepaal deur mense se verhouding tot God. En dit is belangrik om mekaar hieraan te herinner.

“Die menigtes in 'die dal van beslissing' word gekenmerk deur hul vyandskap teenoor God. Hulle het nie geografiese of nasionale grense nie. Nee, die eintlike verdelingslyn word bepaal deur hulle verhouding tot God. En wat meer is, die inwoners in 'die dal van beslissing' kom uit alle volke, omdat daar in elke volk vyande van God en sy saak is.

“Hierteenoor is die inwoners van die 'Sion' van behoud nie sondermeer 'Israel' nie. Volgens Joël se profesie sal dit alle mense wees wat hulle voor God verootmoedig het: 'Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweene rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil; wie weet of dit Hom nie weer sal berou nie, sodat Hy 'n seën sal agterlaat'. (Joël 2:12-14) Hierdie 'Israel' is hulle op wie die Heilige Gees uitgestort is: 'En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié

dae my Gees uitgiet.’ (Joël 2:28,29) ‘En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die HERE sal roep.’ (Joël 2:32) Dit is die ware ‘Israel’. Dit sal, gesien in die lig van die Nuwe Testament, die gelowiges uit die oue en nuwe bedeling wees, die volk van God, die Kerk van onse Here Jesus Christus.

“Tot watter groep behoort u? Behoort u tot die menigtes in ‘die dal van beslissing’, óf diegene wat by God skuil?

“Dit is ’n ernstige gedagte dat hierdie verdelingslyn nie net tussen die Kerk en die wêreld loop nie, maar ook in die kerk tussen ware gelowiges en diegene wat net in naam Christene is. Hierdie lyn loop selfs deur gelowiges se eie lewens, waar dit onderskeid maak tussen die ou en die nuwe mens. Hierdie verdelingslyn is nie altyd so sigbaar nie, omdat dit in hierdie lewe moeilik is om tussen die koring en die onkruid te onderskei. Tog is dit ’n werklikheid en stel die profetiese Woord ons voor die ernstige vraag: Aan watter kant van hierdie verdeling bevind ons onself?

“Die erns van hierdie vraag blyk veral wanneer ons let op die uiteinde van hierdie twee groepe:

“Wat die oordeel oor die menigtes in ‘die dal van beslissing’ betref, sal daar totale oorlog wees. Dit is die HERE Self wat die volke in heilige ironie tot die eindbeslissing sal daag: ‘Roep dit uit onder die nasies, heilig ’n oorlog! Wek die helde op, laat al die krygsmanne nader kom, opruk! Smeë van julle pikke swaarde en van julle snoeimasse spiese; laat die swakke sê: Ek is ’n held.’ (Joël 3:9,10) Niemand sal ontbreek nie. Selfs die swakkeling sal moet sê: ‘Ek is ’n held.’ Aan wapens sal daar geen gebrek wees nie, want alles sal op die spel wees. Die beslissing in hierdie oorlog sal finaal wees.

“Daar is egter ook ’n ander waarheid wat in hierdie profesie na vore kom. Dit is dat God Self die vyandige menigte op die heilige stad sal laat aanstorm: ‘Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander, sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle ’n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het.’ (Joël 3:1,2) Die HERE is in beheer en die inisiatief is Syne. Sy Goddelike

beskikking heers selfs in die toestande van chaos van alle tye en ook dié van die laaste dae.

“Wanneer die menigtes in ‘die dal van beslissing’ sal dink dat hulle gewen het, sal die hemele skeur en die dag van die HERE aanbreek. Dan sal hemelliggame verduister en die geluid van God se oordele weerklink. Dan sal ons weet dat die dag van oordeel vir almal aan die anderkant van die skeidslyn aangebreek het. Die dag van die HERE sal immers ’n dag van benoudheid, angs, donkerheid en doodskaduwee wees vir almal in ‘die dal van beslissing’.

“Hoe anders sal dit wees vir die volk van die HERE. Op daardie vreeslike dag wanneer die goddelose ten gronde sal gaan, sal die volk van God in die ‘Sion’ van behoud skuiling vind. Dieselfde God wat sy stem van oordeel oor die nasies verhef het, sal dan vir sy volk ’n veilige vesting wees.

“Dan sal die troos van Psalm 91 ook vir daardie gelowiges ’n werklikheid wees: ‘Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is ’n skild en pantser. Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand - na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien. Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie. Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang vertrap. Omdat hy My liefhet, sê *God*, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken. Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee. Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien.’ (Ps 91:1-16)

“Hierdie profesie van Joël in die Ou Testament is ook ’n beskrywing van die nuwe Jerusalem. Hierdie ‘Sion’ sal vir die gelowige nie net ’n beveiliging beteken nie, maar ook ’n lewe in gemeenskap met God. Die

veilige Godstad sal 'n heilige Godstad wees, waarin geen vreemde sal kom nie. In Openbaring is geskryf: 'Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars - hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.' (Openb 21:8)

“Broers en Susters, alhoewel die profesie oor die dag van die HERE verkondig wat aan die einde sal gebeur, is dit terselfdertyd aktueel vir elke tyd. Dit is die klimaks en eindpunt van God se dubbele daad van oordeel en genade ten opsigte van alle mense deur alle eeue. 'Die dal van beslissing', teenoor die 'Sion' van behoud, het in elke fase van die geskiedenis as 'n teenstelling tussen die vyande van God en die volk van God gestaan. Daar is in elke periode iets van die dag van die HERE, omdat God in elke periode sy beslissing fel ten opsigte van alle mense se ewige bestaan.

“Moet nooit vergeet nie dat hierdie ewige skeiding bepaal sal word deur mense se aanvaarding of verwerping van Jesus Christus as Verlosser. Dit is ons verhouding met Jesus Christus, God se Soenoffer, wat ons ewige lot bepaal.

“Amen.”

Kommentaar:

Baie Christene dink dat die eindtydse groot verdrukking die einde van die wêreld sal wees. En dat dit 'n tyd sal wees waarin daar vir Christene geen aardse hoop sal wees nie. Dit is nie noodwendig so nie. Daar is vele profesië wat daarop dui dat daar wél Christene sal wees wat dit sal oorleef. Jesus Christus het die Jode in Judea gewaarsku:

“Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.” (Matt 24:21,22)

Jesus Christus verklaar hier dat daar oorlewende uitverkorenes sal wees.

Nog profesië wat verklaar dat daar gelowiges sal wees wat die groot verdrukking sal oorleef, verskyn in Openbaring:

“En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, ’n tyd en tye en ’n halwe tyd. En die slang het uit sy bek water soos ’n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het. En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuie van Jesus Christus hou.” (Openb 12:13-17)

Die vrou wat hier beskryf word, verwys na die Kerk van Jesus Christus, waarvan Maria wat Jesus Christus gebaar het, deel is. “’n Tyd en tye en ’n halwe tyd” is ’n verwysing na die tydperk van verwoesting onder die Antichris se bewind. Dit is hieruit duidelik dat hierdie profesie op die eindtydse groot verdrukking betrekking het. “Die slang het uit sy bek water soos ’n rivier agter die vrou aan uitgegooi” dui op ’n mensemassa wat Satan tot stand sal bring om die volgelinge van Jesus Christus te vernietig. Maar “die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk” dui daarop dat hulle sal sterf en dat Satan nie sy doelwit sal bereik nie.

Nóg ’n profesie in Openbaring voorspel dat daar gelowiges sal wees wat die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom, gaan oorleef:

“Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.” (Openb 3:9-11)

Jesaja bevat ’n profesie aan oorlewende gelowiges, waarin Satan en spesifiek die Antichris se lot ná die groot verdrukking beskryf word:

“En op die dag as die HERE jou rus gee van jou smart en van jou onrus en van die harde diensbaarheid waarmee hulle jou laat dien het, dan sal jy hierdie spotlied aanhef oor die koning van Babel en sê: Hoe het die drywer nou opgehou, opgehou die verdrukking! Die HERE het die stok van die goddelose verbreek, die staf van die heersers, wat die volke verwoes het in grimmigheid met slaan sonder ophou, wat in toorn oor die nasies geheers het met ’n agtervolging sonder verskoning. Die hele aarde rus, is stil; hulle breek uit in jubel. Ook is die sipresse bly oor jou, die seders van die Libanon, *en hulle sê*: Vandat jy daar lê, klim niemand na ons toe op om ons af te kap nie. Die doderyk daaronder is in beroering om jou ontwil, jou koms tegemoet; dit wek om jou ontwil die skimme op, al die bokke van die aarde; dit laat al die konings van die nasies van hulle trone opstaan. Hulle hef almal aan en sê vir jou: Ook jy het kragteloos geword soos ons; jy het soos ons geword. Jou trots is neergewerp in die doderyk, die geruis van jou harpe; onder jou is wurms as ’n bed gesprei, en maaiers is jou bedekking. Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! *Hoe* lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies! En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil! Die wat jou sien, beskou jou, hulle let op jou *en sê*: Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het? Die wêreld soos ’n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat sy gevangenes nie losgelaat het huis toe nie? Al die konings van die nasies, hulle almal rus met eer, elkeen in sy huis; maar jý is gewerp, ver van jou graf, soos ’n afskuwelike uitspruitsel, oordek met die wat verslaan is, wat deurboor is met die swaard, wat neerdaal na die klippe van die grafkuil soos vertrapte aas. Jy word nie met hulle in die graf verenig nie, want jy het jou land verwoes, jou volk gedood; die nageslag van die kwaaddoeners word vir

ewig nie genoem nie. Maak 'n slagbank gereed vir sy seuns, om die ongeregtigheid van hulle vaders ontwil, dat hulle nie opstaan en die aarde in besit neem en die bodem van die wêreld vol stede maak nie. So sal Ek dan teen hulle opstaan, spreek die HERE van die leërskaer, en van Babel uitroei die naam en die oorblyfsel, kroos en nageslag, spreek die HERE. En Ek sal dit 'n besitting maak van krimpvarkies en tot waterplasse; en Ek sal dit wegvee met die besem van verdelging, spreek die HERE van die leërskaer." (Jes 14:3-23)

Volgens Bybelprofesie sal die Antichris vir 'n periode van sewe jaar regeer, waarvan hy in die eerste drie en 'n half jaar as 'n vredemaker voorgehou sal word. Daarna sal hy probeer om almal wat weier om hom te aanbid, uit te wis. Veral ware Christene en ware Jode sal geteiken word.

Hou dus in gedagte dat die eindtydse groot verdrukking slegs vir 'n beperkte tyd sal heers, wat menslik gesproke oorleefbaar sal wees. Daarna sal die HERE self hierdie magte van duisternis vernietig. Dit is waaroor hierdie preek van Dominee Bester gaan.

Na verwagting sal die magte van die Antichris nie die hele wêreld op een slag onder beheer kan bring nie. Dit mag wees dat die chaos wat in Suid-Afrika heers en wat ons nou as 'n vloek beskou, 'n bestiering van die Here is wat die Antichris se plan om ook Christene in Suid-Afrika uit te wis, in die wiele sal ry.

Microchips word sedert 1 Augustus 2017 op georganiseerde wyse in mense in die VSA ingeplant; en sedert Januarie 2015 in Swede. Dit word tans ook in België gedoen. Die oogmerk is om dit wêreldwyd verpligtend te maak. Weens die anargie in Suid-Afrika sal hierdie poging om ook alle handel in Suid-Afrika te beheer, waarskynlik nie slaag nie. Dit mag ook die geval wees elders in Afrika.

Daarenteen sal Christene in die ontwikkelde wêreld, wat weier om ingeplante *microchips* te ontvang, nie kan koop en verkoop nie. Hulle sal hulle in 'n hopelose situasie op aarde bevind, waaruit hulle nie sal kan ontsnap nie.